

28 Desember

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 1 (OAV)
Fokusgedeelte: 2 Timoteus 1:8-10; 2:11**

Wie met Christus Jesus gesterf het, sal ook met Hom lewe

Almal wat godvrugtig in Christus wil lewe, **sál** vervolg word (2 Tim 3:12).

Paulus het dit ervaar, hy is ter wille van die evangelie vervolg en in die gevangenis gegooi (2 Tim 1:8). Vervolging en verdrukking was destyds só erg dat dit vir baie gelowiges op 'n marteldood uitgeloop het. Ook vandag vra gelowiges soms: Sal ek getrou bly aan Christus as ek ooit ter wille van Hom moet sterf? Maar dit is nie die eerste vraag wat ons moet vra nie. Wat jy eerste moet vra, is of jy bereid is om met die Here te lewe. Of jy bereid is om ter wille van Christus en deur die werking van die Heilige Gees, die wêrelds gejaag na genot, gemak, plesier, ontspanning en weelde af te sterf. Want net as jy só met Hom leef, sal jy aan Hom getrou kan bly, selfs tot in die dood. Daarom sê Paulus: "As ons met Hom gesterf het, sal ons ook met Hom lewe" (2 Tim 2:11).

Dit beteken nie dat net die wat 'n marteldood ter wille van Christus sterf, met Hom sal lewe nie. Dit dui eerder op die lewenswyse wat destyds aan so 'n marteldood voorafgegaan het, wat ook vandag kenmerkend van elke Christen se lewe moet wees, die sterf met Christus aan die kruis en die lewe deur die geloof vir Hom. Dit is 'n sterf met Hom waarin jy jou oorgee aan 'n lewe wat blootgestel is aan spot, vervolging en opoffering ter wille van sy Naam en evangelie.

Dit is 'n sterf met Christus vir die sonde en die verleiding van die gemak, gerief en genot wat hierdie wêreld najaag. Wie só met Hom gesterf het, sal ook met Hom lewe, **nóú** en vir altyd. Só is die opstanding en oorwinning van Christus oor die dood die ligstraal van ons fokusgedeelte. Paulus skryf dat Jesus Christus "die dood tot niet gemaak het en die lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring het..." (2 Tim 1:10).

Sing: Skrifberyming 10:2,5,6

Ds CJJ Putter (Koedoesrand)